LAERSKOOL STELLENBOSCH

NASORG: 2024

Ons kan u verseker dat ons daarna streef om die Nasorg 'n tweede tuiste vir ons leerders te maak. Hulle veiligheid en geluk is ons prioriteit. U is welkom om ons te kontak indien u enige vrae het. Ons span bestaan uit:

Sheugnet Booysen	Graad 1	082 473 0414	sheugnet@noproblem.co.za
Lencka van Rhyn	Graad 2	060 579 6428	lencka10vrhyn@gmail.com
Christa Prins	Graad 3	082 729 1338	christa-prins@outlook.com
Mitzi Marais	Graad 4	082 920 6736	maraismitzi@gmail.com
Lynette Alberts (hoof)	Graad 5, 6, 7	061 483 6298	kennylynette5@gmail.com

ALGEMENE INLIGTING

INSKRYWING

- **Voldagwerkende ouers (albei ouers werk) en werkende enkelouers kry voorkeur by plasings.**
- Die inskrywingsvorm moet **volledig deur beide ouers voltooi en onderteken** word.
- Die Nasorgrekening moet te alle tye op datum wees vir 'n leerder om van die Nasorgfasiliteit gebruik te maak. Indien die rekening nie aan die einde van die maand ten volle vereffen is nie, sal die leerder nie die daaropvolgende maand die Nasorg mag bywoon nie.
- Alle Nasorggeld is streng vooruitbetaalbaar.
- Dit is die **ouer se verantwoordelikheid** om die Klashoof te verwittig van **enige veranderinge** ten opsigte van die inligting verskaf op die inskrywingsvorm bv. kontaknommers.
- 'n Vooruitbetaalde kalendermaand kennisgewing moet gegee word in die geval van **kansellasie**.

NASORGTYE

- Nasorgtye is soos volg:

	Voldag	Halfdag
Graad 1	13:15 – 17:30	13:15 – 15:15
Graad 2	13:15 – 17:30	13:15 – 15:30
Graad 3	13:30/14:00 – 17:30	13:30/14:00 – 15:30
Graad 4 – 7	14:00 – 17:30	14:00 – 15:30

- Leerders moet daagliks **stiptelik** om **17:30** afgehaal word.
- 'n Bedrag van R100 sal gehef word indien leerders laat afgehaal word. Hierdie reëling sal streng toegepas word.
- **Vrydae:** Nasorg **sluit om 17:00** vir **ALLE** leerders.
- **Langnaweke:** Wanneer 'n langnaweek op 'n Donderdag begin, sal die Nasorg om 17:00 sluit.
- **Paasnaweek:** Daar sal geen Nasorg wees op Donderdag, 28 Maart 2024 nie.
- **Laaste dag van elke kwartaal**: Daar sal geen Nasorg wees nie.
- **Skoolvakansies:** Die Nasorg sal gedurende skoolvakansies en openbare vakansiedae gesluit wees. Indien Nasorg gedurende die vakansie aangebied word, sal u betyds in kennis gestel word.
- **Halfdag-leerders: Daar word nie huiswerk met halfdag-leerders gedoen nie.**

AFHAAL VAN LEERDERS

- Ouers moet leerders **PERSOONLIK** by die Nasorgklas afhaal. **Geen leerders word uitgestuur na die hek (Withuisie) toe nie.**
- Stel die Klashoof **skriftelik/telefonies** in kennis indien iemand anders die leerder gaan afhaal.

MIDDAGETE

Ouers pak self ‘n ligte middagete vir leerders in asook ‘n versnapering vir later die middag. Ouers mag iets ekstra inpak. Vermy asseblief te veel lekkers, koekies, “chips”, gaskoeldranke en produkte met te veel suiker. Graad 1-nasorgleerders word nie toegelaat om gedurende nasorgtyd snoepie toe te gaan nie. Ons beveel die volgende aan: vrugte, groentestokkies, slaai, gesonde brood/beskuitjies, kouevleis. Kos kan in die mikrogolf warm gemaak word. Graad 1-leerders se kospakkies wat duidelik gemerk is, kan in die yskas gebêre word. Middagetes is ook by die Snoepie te koop.

BUITEMUURSE AKTIWITEITE

Die Nasorgpersoneel sal toesien dat leerders hulle buitemuurse aktiwiteite **wat by die skool aangebied word**, bywoon. Ouers word versoek om elke kwartaal ‘n vorm met die spesifieke kwartaal se buitemuurse aktiwiteite te voltooi en die betrokke Nasorgpersoon (soos bo-aan genoem) in kennis te stel indien daar gedurende die kwartaal enige veranderinge plaasvind.

- **Voltooi asseblief die Aansoekvorm aanlyn op “google forms”. Volg die skakel: https://tinyurl.com/nasorg2024**
- **Voltooi die Vrywaringsvorm en handig so spoedig moontlik by die Nasorg Klashoof/Sekretaresse in. Daar is slegs ‘n beperkte aantal plekke beskikbaar.**

NAVRAE

Graad 1 **Sheugnet Booysen**

082 473 0414	sheugnet@noproblem.co.za

Graad 2 **Lencka van Rhyn**

060 579 6428	lencka10vrhyn@gmail.com

Graad 3 **Christa Prins**

082 729 1338	christa-prins@outlook.com

Graad 4 **Mitzi Marais**

082 920 6736	maraismitzi@gmail.com

Graad 5 tot 7 **Lynette Alberts**

061 483 6298	kennylynette5@gmail.com

……

Lynette Alberts

Nasorghoof

NASORGBETALINGS

FINANSIES

- Met **elektroniese betalings** moet die unieke kode gebruik word wat op die rekening verskyn.
- **Betalingsbewyse** moet na elmarie@lstellen.co.za gestuur word.
- Laerskool Stellenbosch Nasorg behou die reg voor om leerders toegang te weier in die geval van **agterstallige betalings.**

Tarief	R800 per maand (voldag) ☐ R500 per maand (halfdag) ☐	
Vergunning ten opsigte van gesinne (twee of meer kinders per gesin)	Eerste kind betaal 100% Tweede, derde, vierde kind betaal 50%	

BANKBESONDERHEDE

Naam	Laerskool Stellenbosch
Bank	ABSA
Reknr.	410 493 578
Takkode	334410
Bewyse	elmarie@lstellen.co.za
Navrae	Elmarie Stoeder: 021 – 887 6934

Persoon verantwoordelik vir betaling van fooie:

- Ek/ons aanvaar volle verantwoordelikheid vir die volledige betaling van hierdie rekening en verklaar hiermee dat betaling(s) voor/op die vasgestelde datum(s) gedoen sal word, sonder uitsondering. In die geval van wanbetaling of agterstallige betalings, behou ons die reg om die leerder(s) toegang tot nasorg te weier EN om die agterstallige gelde in te vorder.

Van:	
Naam:	
Kontaknr:	
E-posadres:	
Handtekening:	

LAERSKOOL STELLENBOSCH NASORG: GR. 1 - 7

2024

VRYWARING, VERBLYF OP PERSEEL

1. Ek, die ondergetekende,

……
(meld ook verwantskap - Vader, Moeder of Voog)

van
……..
(volle naam van kind), stem hiermee in dat my kind lid van Laerskool Stellenbosch Nasorg is.

2. Namens die kind as sy/haar ouer/voog en namens myself, onderneem ek om nie die Nasorg aanspreeklik te hou vir enige toevallige verlies, skade, besering of siekte wat die kind as gevolg van watter oorsaak ookal, gedurende verblyf by die Nasorg, mag opdoen nie.

3. Ek onderneem ook om Laerskool Stellenbosch Nasorg te vrywaar teen alle eise van ‘n ander party as gevolg van verlies/ongelukke wat genoemde kind mag oorkom of as gevolg van siekte van genoemde kind of weens enigiets wat genoemde kind mag doen of nalaat om te doen gedurende die verblyf by die Nasorg.

4. Ouers is self verantwoordelik vir enige mediese kostes as gevolg van toevallige beserings.

…….. ……
Vader, moeder of voog Datum

As getuies:

1. ..…….. ……
Datum

2. ….…… ……
Datum